basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**VERBRUIKERSTUDIES**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1: KORTVRAE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvolle, p 184)* | (1) |
| | 1.1.2 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.165; Suksesvolle, p 181)* | (1) |
| | 1.1.3 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.169-171; Success, p 190-191)* | (1) |
| | 1.1.4 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p. 106; Suksesvolle, p 128)* | (1) |
| | 1.1.5 | A✓ | *Onthou, matig (Verken p. 83; Suksesvolle p 74)* | (1) |
| | 1.1.6 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p. 89; Suksesvolle, p 103)* | (1) |
| | 1.1.7 | A✓ | *Onthou, matig (Verken, p. 84; Suksesvolle, p 100)* | (1) |
| | 1.1.8 | B✓ | *Analisering, moeilik (Verken p. 80; Suksesvolle p 93)* | (1) |
| | 1.1.9 | B✓ | *Toepas, matig (Graad 11)* | (1) |
| | 1.1.10 | D✓ | *Toepas, matig (Graad 11)* | (1) |
| | 1.1.11 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 120; Suksesvolle, p 139)* | (1) |
| | 1.1.12 | A✓ | *Verstaan, matig (Verken, p. 120; Suksesvolle, p 304)* | (1) |
| | 1.1.13 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 128; Suksesvolle, p 146)* | (1) |
| | 1.1.14 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p. 136; Suksesvolle, p 153)* | (1) |
| | 1.1.15 | C✓ | *Onthou, matig (Verken, p. 156; Suksesvolle, p 161)* | (1) |
| | 1.1.16 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p. 37; Suksesvolle, p 19)* | (1) |
| | 1.1.17 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 29; Suksesvolle, p 28)* | (1) |
| | 1.1.18 | A✓ | *Onthou, matig (Verken, p.16; Suksesvolle, p 21)* | (1) |
| | 1.1.19 | C✓ | *Toepas, matig (Verken, p.37; Suksesvolle, p 38)* | (1) |
| | 1.1.20 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.8, 13; Suksesvolle, p.11)* | (1) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | E✓ | *(Verken, p 82; Suksesvolle, p. 94)* | (1) |
| | 1.2.2 | D✓ | *(Verken, p 79; Suksesvolle, p. 93)* | (1) |
| | 1.2.3 | F✓ | *(Verken, p 77; Suksesvolle, p. 86)* | (1) |
| | 1.2.4 | C✓ | *(Verken, p 71; Suksesvolle, p. 78)* | (1) |
| | 1.2.5 | A✓ | *(Verken, p 75; Suksesvolle, p 89)* | (1) |

*Onthou, maklik*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | Kontrak✓ | *(Verken, p 155; Suksesvolle, p 169)* | (1) |
| | 1.3.2 | Vrystellingsklousule✓ | *(Verken, p 156; Suksesvolle, p 173)* | (1) |
| | 1.3.3 | Waarborg/Garansie✓ | *(Verken, p 175; Suksesvolle, p 158)* | (1) |
| | 1.3.4 | Grysgoedere/skuilinvoere✓ | *(Verken, p 158; Suksesvolle, p 176)* | (1) |
| | 1.3.5 | Stokvel✓ | *(Verken, p 161; Suksesvolle, p 177)* | (1) |
| | 1.3.6 | Stapelvlakskema✓ | *(Verken, p 162; Suksesvolle, p 179)* | (1) |

*Onthou, maklik (3) matig (3)*

1.4 B✓
D✓
H✓ (Enige volgorde) (3)
*Verstaan, matig (Verken, p 123; Suksesvolle, p 141)*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5 | 1.5.1 | D✓ en H✓ | (2) |
| | 1.5.2 | A✓ en F✓ | (2) |
| | 1.5.3 | C✓ en G✓ | (2) |

*Verstaan, matig (Verken, p 49-50; Suksesvolle, p 50)*

**[40]**

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 Noem die begin- en einddatums van 'n inkomstebelastingjaar.

- 1 Maart tot 28(/29) Februarie✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p 163; Suksesvolle, p 180)*

2.2 Noem die instansie wat belasting invorder.

- Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p 163; Suksesvolle, p 181)*

2.3 Noem die TWEE tipes direkte inkomstebelasting.

- Lopende betaalstelsel (LBS)✓
- Voorlopige belasting✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, p 163; Suksesvolle, p 181)*

2.4.1 Definieer die term *inflasie*.

Inflasie is die gemiddelde toename in die pryse ✓van goedere en dienste in 'n jaar/land.✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, p 167; Suksesvolle, p 184)*

2.4.2 Noem die instrument wat gebruik word om inflasie te bepaal.

- Verbruikersprysindeks (VPI).✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p 167; Suksesvolle, p 185)*

2.4.3 Verduidelik waarom dit vir David beter is om 'n vaste rentekoers in plaas van 'n wisselende rentekoers op sy studielening te hê.

- Die vaste rentekoers se bedrag sal nie verander nie✓al verhoog die rentekoers.✓ 'n Wisselende rentekoers sal verander verhoog/verlaag✓soos die rentekoers verhoog of verlaag.✓ 'n vaste rentekoers beteken dat hy by sy begroting kan bly/meer presies kan begroot.✓Wisselende rente maak dit moeilik om by die begroting te bly as die rentekoers verhoog.✓

(Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p 167; Suksesvolle, p 184)*

2.4.4 Verduidelik waarom David die bed op die afbetalingsverkooptransaksie en die televisie op bêrekoop koop.

- Hy sukkel om binne die raamwerk van sy begroting te bly/limiet van sy begroting te bly, dus kan hy nie kontant koop nie/koop hy op krediet.✓
- David kon die deposito vir die bed✓ en 'n deposito vir die televisie bekostig✓
- Hy het die bed onmiddellik nodig✓ om op te slaap daarom koop hy dit op die afbetaalverkooptransaksie sodat hy dit huis toe kan neem✓ en gebruik terwyl hy die balans afbetaal in maandelikse paaiemente✓.
- David het nie die televisie onmiddellik nodig nie✓en koop dit op bêrekoop. Die televisie sal in die winkel bly totdat hy die finale paaiement betaal het.✓ Slegs dan kan hy die televisie huis toe neem.✓ Dit is 'n goedkoper betalingsopsie as die afbetaalverkoopstransaksie omdat geen rente betaal word nie.✓ (Enige 6) (6)

*Verstaan, matig (Verken, p 148; Suksesvolle, p 162; 171)*

2.5 Bespreek die interverwantskap tussen die waarde van geld, inflasie en die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank.

- Inflasie beteken dat pryse verhoog✓ en die waarde van geld verminder.✓ Mense het dan minder besteebare inkomste.✓ Hoe hoër die inflasiekoers hoe minder kan die verbruiker koop met dieselfde hoeveelheid geld/inflasie verminder die koopkrag van geld.✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank gebruik die VPI om die rentekoers/repokoers van die land te bepaal.✓
- As die rentekoers op spaargeld laer is as die inflasiekoers is die spaargeld minder werd/kan dit minder koop.✓ (Enige 4) (4)

*Analisering, moeilik (Verken, p 167; Suksesvolle, p 185)*

**[20]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1.1 Noem die TWEE tipes cholesterol.

- Laedigtheid-lipoproteïen (cholesterol)✓
- Hoë digtheid-lipoproteïën (cholesterol)✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, p 74; Suksesvolle, p 84)*

3.1.2 Verduidelik die verskil tussen die twee tipes cholesterol.

- Laedigtheid-lipoproteïën is die gevaarlike/slegte✓ cholesterol. Hoë-digtheid-lipoproteïën is die goeie✓ cholesterol.
- Laedigtheid lipoproteïen bou in die slagare op/kom voor in vetneerslae.✓ Hoë-digtheid lipoproteïen versamel oortollige cholesterol en vervoer dit na die lewer.✓
- Laedigtheid-lipoproteïen veroorsaak die geleidelike vernouing van die bloedvate.✓ Hoë-digtheid lipoproteïen word afgebreek en uitgeskei.✓
- Laedigtheid-lipoproteïen dra by tot hartsiektes,✓ terwyl hoëdigtheid-lipoproteïen die risiko van koronêre hartsiektes verminder.✓ (Enige 2 x 2) (4)

*Onthou, matig (Verken, p 74; Suksesvolle, p 84)*

3.2 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik waarom geneties gemanipuleerde gewasse in die toekoms die wêreld van hongersnood kan red.

Geneties gemanipuleerde gewasse kan die wêreld van hongersnood red omdat die gewasse 'n verhoogde weerstandig teen plae/insekte,✓ droogte✓ en fluktuasie in temperature✓ het wat dit moontlik maak om oeste te verbou in streke met 'n lae landboupotensiaal.✓ Die gewasse se opbrengs word verhoog/meer voedsel✓ en meer mense kan gevoed word. Produksiekoste kan verlaag word/voedsel is goedkoper,✓ dus kan meer mense voedsel bekostig.✓ Voedselprodukte van geneties gemanipuleerde gewasse het 'n langer raklewe/beter kwaliteit produkte,✓ dus minder voedsel wat vermors word.✓ Geneties gemanipuleerde voedsel kan groter voedingswaarde hê as konvensioneel verboude voedsel✓ dus kan mense minder eet en steeds goedgevoed wees.✓ (Enige 6) (6)

*Toepassing, moeilik (Verken, p103; Suksesvolle, p 123)*

NOTA: Trek EEN punt af indien nie in paragraaf formaat geskryf is nie.

3.3.1 Noem DRIE verskillende tipes bymiddels in die gereg.

- Antioksidant✓
- Geurmiddels✓
- Kleurmiddels✓
- Preserveermiddels✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p 93-94; Suksesvolle, p 113-114)*

3.3.2 Noem EEN rede vir die besorgdheid oor die gebruik van die natriumnitraat.

- Dit mag karsinogenies wees/kanker veroorsaak.✓
- Dit mag allergieë veroorsaak.✓ (Enige 1) (1)

*Onthou, matig (Verken, p 94; Suksesvolle, p 114)*

3.3.3 Verduidelik die funksie van natriumnitraat in hierdie gereg.

- Verleng die rakleeftyd ✓ van die voedsel deur
- Bederf a.g.v. die groei van mikro-organismes/bakterieë te inhibeer/verhoed/beskerm dit teen bederf deur mikro-organismes.✓
- Behou die gewenste kleur en geur.✓ (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p 94; Suksesvolle, p 113)*

3.3.4 Verduidelik waarom koeimelk, koring, gluten en eier apart gelys word op die etiket.

- Hulle word apart gelys so dat verbruikers dit maklik raaksien✓omdat dit ernstige allergiese reaksies kan veroorsaak✓wat lewensgevaarlik ✓ mag wees. (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p 79; Suksesvolle, p 92)*

3.3.5 Identifiseer die bestanddeel wat met kort lig- en radiogolwe behandel is om patogeniese bakterieë en ander skadelike organismes te elimineer of te verminder.

- Mosterdpoeier.✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p 105; Suksesvolle, p 127)*

3.3.6 Stel TWEE riglyne voor wat verbruikers moet volg voordat hierdie gereg geëet word, om die oordrag van voedsel-oordraagbare siektes te voorkom.

- Was hande deeglik✓voor hantering/oopmaak /verwarming van die gereg.
- Verhit tot 'n hoë interne temperatuur bereik is.✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, p 87-88, Suksesvolle, p 103,106, 108, 109)*

3.3.7 Verduidelik waarom hierdie gereg geskik is vir die bestuur van osteoporose.

- Die gereg bevat melk wat ryk is aan kalsium✓ en cheddarkaas wat ryk is aan kalsium.✓
- Die kalsium sal bydra tot die versterking van bene✓ en verminder beenverlies.✓
- Die melk bevat vitamien D✓ en die cheddarkaas bevat ook vitamien D✓ wat help met die absorpsie van kalsium.✓
- Die gereg bevat proteïen wat noodsaaklik is normale kollageen sintese✓ en dit versterk ook die bene.✓ (Enige 6) (6)

*Toepas, matig (Verken, p 76; Suksesvolle, p 90)*

3.3.8 Stel 'n bygereg voor wat saam met hierdie gereg bedien kan word wat dit meer geskik sal maak vir 'n verbruiker met hoë bloedcholesterolvlakke.

- Gestoomde/geroosterde/oondgeroosterde groente✓
- Vars slaai (geen romerige slaaisous bv. mayonnaise nie)✓

(Enige 1) (1)

*Toepas, matig (Verken, p 75; Suksesvolle, p 85)*

3.3.9 Evalueer die geskiktheid van hierdie gereg vir 'n verbruiker wat vetsug/obesiteit wil bestuur.

- Die gereg bevat baie energie/kilojoules✓ wat nie goed is as mens gewig wil verloor nie.✓
- Die gereg bevat redelik baie verfynde koolhidrate/stysel (pasta)✓ wat bydra tot die energiewaarde.✓
- Die gereg bevat nie suiker nie✓ wat goed is omdat suiker onnodige kilojoules verskaf.✓
- Die gereg bevat min vesels✓ wat nie goed is nie✓ omdat vesel vertering/gevoel van honger vertraag.✓
- Die gereg bevat spekvleis/cheddarkaas wat baie vet bevat/ hoë vetinhoud.✓ Dit sal nie bydra tot gewigsverlies nie, omdat dit baie kilojoules bevat.✓
- Die gereg baie min/geen groente.✓ (Enige 9)

- Gevolgtrekking: Die gereg is nie geskik ✓ vir 'n verbruiker wat vetsug/obesiteit wil bestuur nie as gevolg van die hoë vetinhoud. (1) (10)

*Evaluering, matig (Verken, p 83; Suksesvolle, p 98)*

**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Noem TWEE ekonomiese faktore wat 'n invloed op modeverandering het.

- Resessie✓
- Depressie✓
- Verbruikersinkomste/rykdom/armoede✓
- Inflasie✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p 49; Suksesvolle, p 53)*

4.2 Verduidelik die term *volhoubare tekstiele*.

- Tekstiele wat verbou/geproduseer/vervaardig word op 'n omgewingsvriendelike wyse.✓
- Gemaak van 'n hernubare bron soos plante wat 'n goeie oes lewer✓ en min water benodig/hulpmiddels wat nie uitgeput word nie/permanent beskadig word wanneer die produk vervaardig word.✓
- Min chemikalieë word gebruik✓ tydens die groei van die plante en die vervaardiging van die tekstiel.
- Die tekstiel word nie nuttelose afval nie.✓ Die produk is afbreekbaar/bioafbreekbaar✓ of dit kan geskei word en hergebruik word om as grondstowwe vir nuwe produkte gebruik word. (Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Verken, page 62-63; Suksesvolle, page 68)*

4.3 Bespreek DRIE riglyne vir die keuse van kleur wanneer uitrustings vir die werksomgewing gekies word.

- Die neutrale kleure (swart/grys/vlootblou/beige/roomkleur/bruin) lyk goed saam met ander kleure.✓
- Meeste van die basiese kledingstukke moet in neutrale kleure wees/begin met 'n basiese kleur.✓
- 'n Serp/belt/juweliersware in 'n ander kleur kan die voorkoms van die uitrusting verbeter/nuut/interessant laat lyk.✓
- Kies kleure wat die gelaatskleur/veltoon komplementeer.✓
- Swart is 'n dienlike kleur wat vir formele en deftige drag gebruik kan word.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p 57; Suksesvolle, p 59, 61)*

4.4 Verduidelik die rol van tegnologie in modeverandering speel.

- Die ontwikkeling van nuwe tekstiele bring/versnel verandering✓ in mode.
- Nuwe kleedstowwe met nuwe eienskappe by verbeterde rekbaarheid/rekstowwe✓ het veranderinge in die style/pas van kledingstukke gebring.✓Dit het styfpassende kledingstukke wat gemaklik is en meer beweging toelaat moontlik gemaak,✓ versnel modeverandering.
- Biotegnologie✓ en nanotegnologie✓ het 'n hele reeks kleedstowwe met spesiale eienskappe moontlik gemaak✓ vir spesifieke doeleindes soos sportdrag✓dit het modeverandering versnel.
- Ontwikkeling in die vervaardigingsindustrie bv. gerekenariseerde patroonontwerpmetodes✓ en verbeterde brei-/naaimasjiene,✓ het die vervaardigingsproses versnel✓en die behoefte vir nuwe items lei modeverandering.
- Verbeterde kommunikasie✓ het 'n impak op modeverandering. Die nuutste oorsese mode tendense kan onmiddellik op TV/sosiale media/Facebook gesien word✓ versnel modeverandering.
- Verbeterde verspreidingsmetodes (vinniger vervoer/gerekenariseerde voorraadsisteme/afleweringstrategieë/koerierdienste)✓ bring nuwe modes binne dae na ons winkels✓ versnel dus modeverandering.

(Enige 5) (5)

*Verstaan, moeilik (Verken, p 51; Suksesvolle, p 54)*

4.5.1 Noem of hierdie uitrusting verteenwoordigend is van 'n modegier, klassieke mode of kontemporêre mode.

- Klassieke modes✓ (1)

*Toepas, maklik (Verken, p 49; Suksesvolle, p 51)*

4.5.2 Gee TWEE redes vir jou keuse in 4.5.1

- Die items is tydloos/word aanvaar/duur vir 'n lang tydperk/seisoene/bly lank populêr.✓
- Gekenmerk deur eenvoud✓
- Smaakvol✓ (Enige 2) (2)

*Toepas, maklik (Verken, p 49; Suksesvolle, p 51)*

4.5.3 Stel TWEE veranderinge voor wat aan hierdie uitrusting aangebring kan word om dit meer geskik te maak vir 'n man met 'n professionele werk wat nuwe kliënte moet ontmoet. Gee 'n rede vir elke voorstel.

T-hemp:
- Verander T-hemp na 'n hemp met knope en 'n kraag.✓
- Dit sal die uitrusting meer formeel/minder informeel/meer professioneel laat vertoon.✓

Skoene:
- Verander die skoene na swart/bruin skoene✓
- Dit sal die uitrusting meer formeel/minder informeel/meer professioneel laat vertoon.✓ (2 x 2) (4)

*Evaluering, matig (Verken, p 59; Suksesvolle, p 61-62)*

**[20]**

**VRAAG 5: BEHUISING**

5.1 5.1.1 Definieer die term *huurooreenkoms*.

- Die kontrak/ooreenkoms✓ tussen 'n eienaar✓ en 'n huurder.✓ (3)

*Onthou, maklik (Verken, p 117; Suksesvolle, p 137)*

5.1.2 Stel DRIE koste implikasies voor wat in 'n huurooreenkoms ingesluit moet word.

- Betaal vir eie water- en elektrisiteitsgebruik✓
- Betaal vir eie afvalverwydering ✓
- Huurgeld✓
- Deposito bedrag✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p 118; Suksesvolle, p138)*

5.2 Noem waar 'n titelakte geregistreer word.

- Aktekantoor✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p 128; Suksesvolle, p 146)*

5.3 Noem VYF maniere hoe 'n werkgewer 'n werknemer kan ondersteun om 'n huis te bekom.

- Verhuur huise wat in maatskappybesit is teen billike tariewe✓
- Verskaf maandelikse behuisingstoelae/subsidies✓
- Subsidieer 'n gedeelte van die werknemer se huislening✓
- Bied bystand met reël van huislenings✓
- Help 'n werknemer om sy/haar pensioen as kollaterale sekuriteit vir vir 'n huislening aan te bied✓
- Help met hervestigingskostes✓
- Verskaf verbruikersopvoeding en raad oor behuising aan werknemers✓
- Help werknemers om boumateriaal in grootmaat te koop✓
- Betaal lone en salarisse wat die werknemers in staat sal stel om die huur te betaal/eie huis te bekom✓ (Enige 5) (5)

*Onthou, maklik (Verken p 132; Suksesvolle p 150)*

5.4 Verduidelik hoe die betaal van 'n deposito elk van die onderstaande beïnvloed wanneer 'n eiendom gekoop word:

5.4.1 Verbandregistrasiefooie

- As 'n deposito betaal word, sal die verband minder wees as die verkoopprys.✓ Dit beteken dat die verbandregistrasiefooi minder sal wees.✓ (2)

*Verstaan, matig (Verken, p 127; Suksesvolle, p 146)*

5.4.2 Oordragfooie

Oordragfooie sal dieselfde bly✓ omdat bereken word op die verkoopprys van die eiendom✓ en nie op die bedrag van die verband nie✓ (3)

*Verstaan, moeilik (Verken, p 128; Suksesvolle, p 146)*

5.5 Bespreek waarom huis koop beter is as om huis te bou.

- Om te bou kan meer kos ✓ as om 'n huis te koop.
- Dit is duur om 'n nuwe tuin aan te lê/addisionele koste om tuin aan te lê nadat bouwerk voltooi is✓ terwyl die tuin reeds gevestig is as 'n huis gekoop word.✓
- Wanneer 'n huis gekoop word, kan die koper die uitleg/struktuur /ontwerp van die huis sien,✓dit is soms moeilik om te visualiseer hoe die voltooide huis sal lyk.✓
- Dit is vinniger om in 'n huis wat gekoop is, in te trek as om te wag vir 'n huis om gebou te word.✓
- As die bouwerk vertraag word, sal die eienaars baie stres/ongemak beleef✓terwyl mens vooraf weet wanneer mens by die huis wat gekoop is kan intrek.✓
- Vertragings kan boukoste verhoog wat dan aanleiding kan gee tot finansiële stres.✓
- Om 'n bouprojek te beheer kan gekompliseerd wees omdat kwaliteitbeheer baie probleme kan skep.✓
- Om te bou kan 'n tydrowende proses wees.✓
- Die meeste nuwe uitbreidings met beskikbare erwe is aan die buitewyke van die stad/dorp/ver van stad/sentrale besigheidsarea/ skole/winkels/ens.✓
- Die huis moet aan die bouregulasies/regulasies van plaaslike regering voldoen.✓ (Enige 7) (7)

*Verstaan, matig (Verken, p 121; Suksesvolle, p 138)*

5.6 Vergelyk die wasmasjiene met spesifieke verwysing na:

5.6.1 Waskapasiteit vir 'n gesin van vyf lede. (2)

5.6.2 Menslike energieverbruik (4)

5.6.3 Waterverbruik (2)

| | Voorlaai masjien | Dubbelbalie wasmasjien |
|---|---|---|
| 5.6.1 Waskapasiteit vir 'n gesin van vyf lede | Neem 5 kg lading/klere, dus meer klere kan per siklus gewas word.✓ (1) | Neem 3 kg lading/klere, dus minder klere kan per siklus gewas word.✓ (1) |
| 5.6.2 Menslike energieverbruik | Minder menslike energie word gebruik.✓<br>Was, spoel en droog spin gebeur outomaties.✓ (2) | Meer menslike energie word gebruik.✓<br>Klere moet van waskompartement na 'n sinkbad/bad verplaas word om te spoel en dan weer met die hande in die spin-kompartement geplaas.✓ (2) |
| 5.6.3 Waterverbruik | Gebruik 150-100 liter/baie meer water✓ as die dubbelbalie. (1) | Gebruik 50 liter/minder water/ bespaar water.✓ (1) |

*Verstaan, matig (Verken, p 137, 143-144; Suksesvolle, p 157-158)*

5.7 Staaf die stelling: "Daar is 'n toenemende aanvraag na huur-eiendomme in Suid-Afrika."

- Verhuring is meer bekostigbaar op die kort termyn✓as gevolg van die volgende redes:
- Die huurbedrag is aanvanklik minder as die verband paaiement.✓
- Dit is goedkoper om te huur op die kort termyn omdat huurders minder finansiële verantwoordelikhede het as huiseienaars.✓ Soms betaal huurders nie water en ligte nie,✓ huiseienaarsversekering,✓verbandversekering✓ of onderhoud nie.✓
- Huurgeld word vasgestel vir 'n spesifieke tydperk✓en dit maak finansiële beplanning makliker/meer voorspelbaar.✓
- Die rentekoers/repokoers is hoog✓ en verbande is minder bekostigbaar as vroeër.✓
- As gevolg van die Nasionale Kredietwet is dit moeilik om 'n verband/huislening te kry.✓
- Inflasie is hoog✓ en verbruik het minder geld om te spaar vir deposito's✓ of betaling van huislening/verband.✓ Dit maak verhuring meer aantreklik.
- Mense wat baie van werk verander het nie 'n behoefte om op een plek te bly vir 'n lang tyd nie. ✓ (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p 118; Suksesvolle, p 137)*

**[40]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Definieer die term *winsopslag.*

'n Winsopslag is die persentasie/hoeveelheid wat by die kosprys gevoeg word✓ om oorhoofse koste te dek/'n wins te maak.✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, p 36; Suksesvolle, p 39)*

6.2 Noem VIER vereistes waaraan verpakking moet voldoen.

- Dit moet die oog vang/verbruikers se aandag trek.✓
- Moet tussen ander soortgelyke produkte/name op dieselfde rak uitstaan.✓
- Moet by die produk pas/gerieflike grootte✓
- Moet sterk/ goed ontwerp/ gerieflik/ maklik hanteerbaar wees✓
- Moet maklik op rakke van verskillende kleinhandelaars geplaas kan word✓
- Indien goedere vog absorbeer, moet die verpakking lugdig wees✓
- Moet die inhoud beskerm/veilig wees/higiënies.✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p 30; Suksesvolle, p 29)*

6.3 Noem TWEE komponente waaruit die produksiekoste van 'n produk bestaan.

- Grondstowwe✓
- Oorhoofse kostes.✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, p 36-37; Suksesvolle, p 35-38)*

6.4 Noem VIER maniere hoe produsente kan verseker dat hulle produkte nie 'n negatiewe uitwerking op die omgewing sal hê nie.

- Gebruik grondstowwe oordeelkundig ✓
- Verminder afval/voedsel afval/afval van verpakking/herwin afval ✓
- Verminder/elimineer die gebruik van giftige chemikalieë/toksiese afval ✓
- Gebruik sonenergie/gebruik elektrisiteit oordeelkundig ✓
- Gebruik water spaarsamig. ✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p 24-25; Suksesvolle, p 25)*

6.5.1 Frieda is trots daarop om kwaliteit produkte te maak. Verduidelik hoe sy kwaliteitprodukte verkry.

- Daar is geen defekte in die produkte nie/die gordyne pas by die vensters/die kliënte is tevrede✓
- Sy inspekteer die produkte tydens op verskillende stadia van die produksieproses – stik en stryk✓ (2)

*Verstaan, matig (Verken, p 16; Suksesvolle, p22)*

6.5.2 Verduidelik die beste manier om die industriële naaimasjien te onderhou sodat gordynproduksie nie onderbreek word nie.

- Voorkomende/roetine onderhoud✓ beteken
- dat die industriële naaimasjien gereeld gediens word/parte word gereeld nagegaan en vervang✓
- dit voorkom dat dit onverwags onklaar raak en produksie staak/ ongeskeduleerde onderhoud.✓ (3)

*Verstaan, matig (Verken, p 25; Suksesvolle, p 25)*

6.5.3 Bespreek die finansiële voordele vir Frieda toe sy van ongeskoolde na geskoolde werker gevorder het. .

- Frieda was oorspronklik 'n ongeskoolde werker✓ met min/geen onderrig /opleiding/kennis van kleedstowwe/meet en stik van gordyne/geen vaardigheid✓
- Sy het 'n klein salaris ontvang✓
- Na jare van informele opleiding✓het sy 'n geskoolde werker geword/kennis van kleedstowwe/meet en stik van gordyne opgedoen✓
- Sy het 'n ervare gordynmaker geword✓
- Sy kon onafhanklik /op haar eie werk✓en werk van hoogstaande gehalte/goeie kwaliteit/vakmanskap lewer✓
- Soos haar vaardighede verbeter het, het haar salaris ook verbeter. ✓ (Enige 6) (6)

*Verstaan, matig (Verken, p 10, 25; Suksesvolle, p 11)*

6.5.4 Verduidelik waarom Frieda se besigheid 'n mededingende voordeel het.

- Haar pryse is effens laer as ✓ as die van haar mededinger/ gordynwinkel✓
- Sy gee haar kliënte persoonlike/individuele aandag✓ deur advies te gee ook geskikte stowwe/moontlik style✓ vir hulle individuele behoeftes.✓
- Sy koop goeie kwaliteit gordynstof vir haar kliënte.✓
- Akkurate afmetings van vensters✓by kliënte se huise

(Enige 4) (4)

*Toepas, matig (Verken, p 8; 13; Suksesvolle, p11)*

6.5.5 Bespreek die volgende faktore wat bygedra het tot die sukses van Frieda se besigheid.

(a) Beskikbaarheid van menslike vaardighede:

- Sy het 'n kollega gehad ✓ wat haar informeel opgelei het en sy het kennis van afmeet/kleedstowwe/knip stik van gordyne opgedoen/verbeter.✓ (2)

(b) Beskikbaarheid van werkspasie:

- Sy het 'n funksionele naaldwerkkamer in 'n leë kamer in haar huis ingerig.✓ (1)

(c) Verbruikers/kliënte-trefkrag:

- Kliënte het persoonlike advies in verband met hul gordyn behoeftes verkry.✓
- Kliënte het minder vir arbeid betaal as by ander gordynwinkels.✓ (2)

*Toepas, moeilik (Verken, p 10-13; Suksesvolle, p 16-20)*

6.5.6 Verskaf grondige redes waarom Frieda se besigheid 'n volhoubare winsgewende besigheid kan word.

- Sy maak self die gordyne, dus bespaar sy op arbeidskostes.✓
- Sy werk van haar huis af en hoef dus nie 'n plek te huur nie.✓
- Sy het haar bestaande kliënte behou/haar teikenmark het vergroot✓ sy maak wins dus groei haar besigheid.✓
- Sy kry goeie afslag by die fabriekswinkel✓ dus betaal sy minder vir gordynstowwe✓en maak sy 'n groter wins.✓
- Nadat sy besigheidskaartjies uitgedeel het/haar besigheid/diens gepromoveer het,✓het sy nog meer kliënte gekry wat haar wins nog verder vergroot.✓
- Sy het 'n kontrak by 'n nasionale hotel gekry.✓
- 'Word of mouth' – haar kollega het haar by kliënte aanbeveel.✓ (Enige 8) (8)

*Analisering, matig (Verken, p 35; Suksesvolle, p 34)*

**[40]**

**TOTAAL: 200**

*Kopiereg voorbehou*